# HOOFSTUK IV.

## ONDERWYS IN KRUGERSDORP GEDURENDE DIE OORLOGSJARE: 1899 - 1902.

### 1. Toestande na die aanvang van die oorlog.

#### a) Verwarring in Oktober 1899.

Op 3 Oktober 1899 is bekend gemaak dat alle staats- en gesubsidieerde skole tot nadere kennisgewing sou sluit. Onderwysers en onderwyseresse moes hulle tot diens van die land stel[1]. Die onderwys is hierdeur in die war gestuur. Die onderwysers het nie juis geweet wat hul te doen staan nie. Alle onderwysers kon nie na die uitbreek van die oorlog nagespoor word nie. Sommige het agter hul skole gesluit en by die burgerkommando's aangesluit[2]; ander is na die verklaring van krygswet op 14 Oktober 1899[3] gekommandeer[4], terwyl party skole oopgebly het: J.H.B. Swaters van Tweefontein het met sy onderwys voortgegaan en aan die Superintendent geskryf dat hy reeds 64 jaar oud is, te oud dus om op kommando te gaan en gevra: „Zou't niet goed zijn met de school voort te gaan"[5]? F.J.C. Nienaber van Brand-

---

1. O.D. 113/3, O.R. 16848/99.
   Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 303.
2. O.D. 114/2, O.R. 1748/99. Die onderwyser op Holfontein is op kommando.
   O.D. 115/1, O.R. 69/00. Die Hoof en assistent van Hartebeestfontein is op kommando.
   O.D. 115/4, O.R. 1766/00. J.F. du Toit van Rietvlei is op kommando.
3. Venter: t.a.p.
4. O.D. 113/3, O.R. 16966/99. Eijbers van die Staatskool op Krugersdorp is gekommandeer.
5. O.D. 113/3, O.R. 16848/99.

vlei wou weer van die Superintendent weet of skole van regeringsweë gesluit was of nie: hy het nog nie sy skool gesluit nie. Aangesien sy oë swak was en hy nie kommando-diens kon verrig nie, het hy sy seun na kommando gestuur[1]. H. van Putten het bly onderwys gee op Witfontein[2].

b) Heropening van Skole.

Die burgerkommando's het met hul reeks skitterende oorwinnings gedurende die eerste vier maande van die stryd sulke groot voordele behaal dat dit begin lyk het of die uiteindelike oorwinning hulle nie weer ontneem sou kon word nie[3]. Die goeie vooruitsigte en die doellose rondloop van kinders het etlike hoofde laat besluit om hulle skole te heropen: die staatskool te Krugersdorp is na 'n sluiting van slegs twee weke heropen[4]; J.C.M.D. du Plessis het sy skool op 2 April 1900 weer begin[5], terwyl P.W. van Zeuner sy skool op Florida in Mei 1900 weer sou open[6]. In Februarie 1900 is pogings aangewend deur ds. Radloff om 'n skool geopen te kry te Burgershoop, waar voor die uitbreek van die oorlog 'n skoolgebou opgerig is maar nog nie 'n onderwyser gevind kon word nie. Toestande was daar allertreurigs, want daar

> „lopen de arme kinderen bij hoopen rond, meer kwaad dan goed (of liever „enkel kwaad") doende"[7].

Die dominee het gevra of Nienaber van Brandvlei, wat sy skool moes sluit en graag iets wou doen om die toelae te ontvang, daar kon skoolhou solank die oorlog duur[8].

1. O.D. 113/3, O.R. 16999/99.
2. O.D. 115/4, O.R. 1598/00.
3. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 11, 525.
4. O.D. 114/1, O.R. 17126/99.
5. O.D. 116/3, O.R. 3575/00.
6. O.D. 116/2, O.R. 2941/00.
7. O.D. 115/3, O.R. 1346/00.
8. Idem.

Op 1 Januarie 1901 het F. van Binnendijk op versoek van kommandant Potgieter die skool op Hekpoort heropen en tot 23 April daar onderwys gegee, toe hy onverwags gevange geneem is en na die Krugersdorpse konsentrasiekamp gestuur is. Hy het 60 leerlinge in die skool en 'n kwekeling tot hulp gehad[1].

In Junie 1900 het lord Roberts Pretoria beset[2]. In dieselfde maand het Britse kolonnes ook Krugersdorp binnegemarsjeer en die dorp onder krygswet geplaas[3]. Die Departement van Onderwys van die Suid-Afrikaanse Republiek, met alles wat Hollands was, het van die toneel verdwyn. Nege maande later is begin met die vervoer van vrouens en kinders van die distrik na die Krugersdorpse konsentrasiekamp[4].

c) Besoldiging van Onderwysers.

Met die aankondiging, in begin Oktober 1899, dat alle skole tot nadere kennisgewing sou sluit en onderwysers hulle tot diens van die staat moes stel, is ook meegedeel dat onderwysers volgens 'n vasgestelde tarief besoldig wou word. 'n Getroude hoof sou byvoorbeeld £10 per maand ontvang[5].

Onderwysers het nie geweet wat hulle te doen staan nie en hoe die hulp aan hulle verleen sou word nie. Op 17 Oktober 1899 het P.W. van Zeuner, die hoof van die Floridaskool, geskryf:

---

1. Vriendenkring: Brieweboek, brief nr. 7.
2. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 11, 526.
   Bot: Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 37.
3. Breytenbach: Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, 166.
4. Meegedeel deur M.H.O. Kloppers en mev. D.J. Stapelberg. ook Dagboek mej. S. Vorster.
5. O.D. 115/4, O.R. 1766/00.
   Venter: Die groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 303.

> „Gezien hebben in die Randpost dat onderwijzers, die zich ter beschikking der Regering stellen eene salaris van £5. 0. 0 ontvangen zullen, neem ik de vrijheid inlichting te vragen of dit salaris maandelijks zal uitbetaald worden"[1].

Swaters van die Tweefonteinskool wou graag weet wat hom te doen staan om nie van die toelae uitgesluit te word as hy sy skool moes sluit nie, en Nienaber het gepleit vir 'n toelae, want

> „Het zou tog niet regt zijn arme onderwijzers die zoo tevreden waren met eene geringe salaris per kwartaal te laten bedelen, terwijl zij niet op Commando zijn"[2].

Om nie van die toelae uitgesluit te word nie het onderwysers wat nie op kommando was nie en nie meer onderwys gegee het nie, regeringswerk verrig: die personeellede van die staatskool op Krugersdorp het tydens die tydperk wat die skool gesluit was in Oktober 1899, diens gedoen by die Transvaalse Rooikruis[3]. Op 6 November 1899 het C.K. Hamman Jnr., van Roodepoort, die Onderwysdepartement meegedeel dat hy die staat gedien het as „Secretaris der Commissie van Rust en Orde" en ook as Sekretaris van die afdeling voedsel[4]. P.W. van Zeuner het 'n dergelike pos op Florida beklee[5].

Om die spesiale toelaag te verkry, moes maandeliks 'n sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm aan die Departement van Onderwys gestuur word[6]. Was die onderwyser op kommando,

---

1. O.D. 113/3, O.R. 16932/99.
2. Ibid., O.R. 16999/99.
3. O.D. 114/1, O.R. 17126/99.
   O.D. 113/3, O.R. 16828/99.
4. O.D. 114/1, O.R. 17287/99.
5. Ibid., O.R. 17155/99.
6. O.D. 115/4, O.R. 1598/00. H. van Putten van Witfontein stuur 'n sertifikaat vir die maand Februarie 1900.

kon 'n skoolkommissielid die bedrag aanvra[1]. Waar geen kommissielid oor was nie, kon die landdros die toelae vorder[2].

2. Die Krugersdorpse konsentrasiekamp.

a) Stigting van konsentrasiekampe en konsentrasiekampskole.

(i) Die einde van die Engelse oorlog, wat volgens Engelse verwagting binne 'n paar maande daar sou wees, was na 'n jaar van stryd nog nie in sig nie. As wanhoopsdaad, om die verset van die Boere te breek en hul tot oorgawe te dwing, het die Britse militêre owerheid, onder leiding van lord Kitchener, besluit tot die vernietiging van vee en voedselvoorrade, verbranding van huise, vernieling van plase en plasing van nie-vegtende bevolkingselemente in konsentrasiekampe[3]. Die Britse leërleiding hier het as rede vir die wegvoering aangevoer dat die vrouens die vegtende burgers van voedselvoorrade voorsien het, terwyl die Engelse Parlement beweer het dat die vrouens en kinders van honger sou omkom as hulle op die plase bly[4].

(ii) In die kampe aangekom het oud-onderwysers en jong dames met privaatskooltjies begin, daarmee die Britse leërowerheid op die gedagte van die stigting van skole in die kampe gebring en hulle laat besluit om 'n onderwysdepartement vir die verowerde gebiede te skep[5].

---

1. O.D. 114/2, O.R. 17489/99. C. Vrey Snr., 'n skoolkommissielid van Holfonteinskool, vra die salaris aan van hulle onderwyser wat op kommando is.
O.D. 115/1, O.R. 69/00. J.D. Potgieter van Hartebeestfontein doen aansoek om die salaris van hulle twee onderwysers wat op kommando is.
2. Vgl. bylae J.
3. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 11, 525-526.
4. Hobhouse: Die Smarte van die Oorlog, 102.
5. Director of Education: Public Education Report 1900 - 1904, 1 - 4.

In herfs 1900 het lord Milner 'n versoek gerig aan E.B. Sargant, 'n bekwame pedagoog wat toentertyd op reis was in Kanada en 'n besondere studie gemaak het van die onderwys in verskillende Engelse kolonies, om na Suid-Afrika te kom om die onderwys in die pas geannekseerde kolonies te reorganiseer. In November 1900 het hy in Kaapstad aan wal gestap. In Transvaal aangekom het hy gevind dat die Militêre Administrasie nog feitlik geen voorsiening vir onderwys getref het nie[1].

Tydens sy besoek aan Kaapstad in Januarie 1901 het hy kennis gemaak met die bedrywighede van die Groenpuntse kampskool, wat deur die krygsgevangenes opgerig is en wat hom die idee en praktyk van die sogenaamde „kampskole" gegee het[2].

Op Norvalspont het hy sy eerste kampskool geopen, wat gou 'n sukses geblyk het. Hierna het hy sy aandag aan die Oranjerivier-Kolonie gegee en eers in Julie 1901 met sy organisasiewerk in Transvaal begin[3].

(iii) As redes vir die stigting van kampskole kan genoem word[4]:

(a) Filantropiese en humanistiese oorweginge: Dit was bestem om duisende Boerekinders onderwys te laat geniet.

(b) Dit wou die Afrikanerkinders beïnvloed ten gunste van die Britse standpunt. Aan hulle moes die oorsake van die oorlog en die oogmerke van die Engelse owerheid geleer

---

1. Worsfold: Reconstruction of the Colonies under Lord Milner, 78.
   Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72.
2. Coetzee: t.a.p.
   Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 39.
3. Director of Education: Public Education Report 1900 - 1904, 5 - 7.
4. Symington: Die Konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 9.

word, terwyl alle vooroordeel wat spruit uit agitasie en onkunde uit die weg geruim moes word. Hul moes voorberei word om Britse onderdane te word.

(c) Die handhawing van beter orde en kontrole in die kampe.

(d) Die kinders moes nuttig besig gehou word en die rondloop vir kwaadgeld moes voorkom word.

(e) Die aanleer van Engels, om sodoende die gebruik van die taal van die oorwinnaar onder die opkomende geslag te bevorder.

(iv) Die oprigting van kampskole het gepaard gegaan met heelwat moeilikhede, die vernaamste waarvan was[1]:

(a) Gebrek aan geskikte akkomodasie, uitrusting en meublement.

(b) Vyandige gevoelens.

(c) Gebrek aan opgeleide leerkragte.

(d) Siekte wat onder die kinders geheers het.

(e) Vreemde taalmedium.

b) Stigting van 'n konsentrasiekamp in Krugersdorp.

(i) Vernieling van plase.

In die distrik Krugersdorp en in die omliggende distrikte het die Britse leërs plaaswonings op so 'n groot skaal afgebrand, lewende hawe uitgeroei en voedselvoorrade vernietig dat daar byna geen bewoonbare boerewoning, huisdiere en voedsel oorgebly het nie. Die vrouens en kinders wat nie toegelaat is om veel mee te neem nie, is op waens, waarvan sommige oop was, na die konsentrasiekamp vervoer. Die waens was met die families soms vir meer as 'n week op die pad[2].

---

1. Cd. 819, 170.
2. Meegedeel deur mevv. D.J. Stapelberg en J.J. Dippenaar. Hobhouse: Die Smarte van die oorlog, 91 - 101.

(ii) Die kamp.

Die Krugersdorpse konsentrasiekamp is gestig op 15 April 1901[1]. Die kamp was geleë teen die bult, ongeveer 'n myl noordoos van die dorp in die omgewing waar die provinsiale hospitaal tans is. Water vir die kamp is verkry uit fonteine wat oopgemaak is. Die water was voldoende en van 'n goeie gehalte.

Aanvanklik het F. Burger as kampsuperintendent opgetree[2]. Hy is in Mei 1901 vervang deur P. Tomlinson[3].

Onderstaande tabel toon aan dat die kampbevolking gedurende die eerste ses maande baie vinnig aangewas het; daarna het die kampvevolking verminder omdat sommige vroue en kinders na ander kampe gestuur is, o.a. na dié te Merebank[4].

| | Mans | Vrouens | Kinders | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 30 April 1901 | 120 | 350 | 521 | 991[5] |
| 31 Mei 1901 | 428 | 551 | 652 | 1631[6] |
| 31 Augustus 1901 | 841 | 1844 | 2168 | 4853[7] |
| 30 September 1901 | 1061 | 2274 | 2719 | 6054[8] |
| 31 Oktober 1901 | 1038 | 2056 | 2394 | 5488[9] |
| 30 April 1902 | 1914 | 1457 | 1551 | 4922[10] |

Die toestand van baie gesinne wat na die kamp gebring is, was haglik. Teen die einde van Mei 1901 het die kampsuperintendent gerapporteer:

1. Cd. 819, 192.
2. Cd. 819, 45.
3. Cd. 819, 78.
4. Meegedeel deur mevv. D.J. Stapelberg, J.J. Dippenaar en M. Kloppers.
5. Cd. 819, 45.
6. Cd. 819, 78.
7. Cd. 819, 362.
8. Cd. 853, 73.
9. Cd. 902, 81.
10. Cd. 1161, 3.

> „The condition of the families lately brought in is deplorable, as they are very short of clothing, and have very little bedding"[1].

Die families was gehuisves in tente, waarvan daar teen die einde van Julie 1901 reeds 840 was wat op 'n stuk grond nagenoeg 800 jaart by 120 jaart opgeslaan is[2]. Die mense in die kamp kon geen meubels meeneem nie, en die beddens moes op die grond opgemaak word. Ongewoon aan sulke ontberings en weens gebrek aan voldoende goeie voedsel, klere en beddegoed het 'n groot aantal kinders siek geword. Die plaaslike kommissie, wat onder leiding van ds. Gustav Radloff in die lewe geroep is om die noodlydendes in die kamp te ondersteun, het o.a. 'n groot hoeveelheid komberse, klerasie, tafels, katels, stoele en kissies in die dorp gekollekteer of geleen en uitgedeel onder die noodlydendes en veral aan die wat siekes in die tente gehad het. Nieteenstaande die Nederlandse Bystandsfonds ook 'n hoeveelheid klere, komberse en skoene gestuur het; hulp ontvang is uit Duitsland in die vorm van kledingstowwe en geld; komberse ontvang is uit die Kaapprovinsie[3], en deur bemiddeling van die heer H.J. Emous uit Nederland 'n bedrag van £575 gestuur is[4], kon alleen in die allernoodsaaklikste behoeftes voorsien word.

Die Superintendent het teen die einde van September 1901 gerapporteer dat 980 komberse en meer as £740 se waarde aan klerasie reeds uitgegee is aan behoeftiges, „the majority of this being from private sources"[5]. In aanmer-

---

1. Cd. 819, 72.
2. Cd. 819, 249.
3. Burger: <u>Geskiedenis van Krugersdorp</u>, 20.
4. Vriendenkring: Brieweboek, 105.
5. Cd. 853, 74.

king geneem dat die kampbevolking op hierdie stadium 6054 was, was die bystand wat ontvang is, maar gering.

Na die vredesluiting op 31 Mei 1902 is 'n aanvang gemaak met die repatriasie van die „refugees". Aan die begin van September 1902 was 750 gesinne bestaande uit 3005 persone reeds na hul plase teruggestuur. Vervoer het geskied met waens en muile[1]. Teen die einde van daardie maand was daar reeds 4064 persone gerepatrieer en het nog 2120 gewag om na hulle plase teruggeneem te word[2]. Eers in die middel van Desember 1902 is die laaste groep teruggestuur en het die werk van die kamp tot stilstand gekom.

Tesame is 7366 persone van hierdie konsentrasiekamp na hul tuistes teruggestuur[3]. Terugkerendes is van 'n maand se rantsoene, 'n tent en saad voorsien[4].

Die gedrag van die kampbewoners was uitstekend[5], en nieteenstaande slegs een steen seep per tent om die twee weke toegeken is, was die mense in die kamp baie skoon[6].

(iii) Voedsel.

Rantsoene is verdeel in twee klasse: eerste klas rantsoene is uitgereik aan „all men who will do work in the Camp and to members of their families"[7a], terwyl „Second class rations are issued to all men who refuse to work and to all others"[7]. Toe dr. Kendal Franks die kamp op 31 Julie 1901 besoek het, het 246 persone eerste klas rantsoene ontvang, terwyl 2692 persone se voedsel van die tweede klas was[8].

---

1. The Krugersdorp Standard, 6.9.1902.
2. Ibid., 27.9.1902.
3. Ibid., 20.12.1902.
4. Ibid., 6.9.1902.
5. Idem.
6. Cd. 819, 195.
7a. Cd. 819, 194.
7. Idem.
8. Idem.

'n Rantsoen per week het bestaan uit[1]:

| Eerste klas. | Tweede klas. |
|---|---|
| 7 pond meelblom of boermeel | 7 pond meelblom of boermeel |
| 6 onse koffie | 4 onse koffie |
| 12 onse suiker | 8 onse suiker |
| 4 onse sout | 4 onse sout. |

Wanneer slagvee beskikbaar was, is 1 tot 2 pond vleis per persoon bo twaalf jaar twee keer per week verskaf. Vleis is egter ongereeld uitgereik en was van 'n baie swak gehalte[2].

'n Kind onder ses jaar het die helfte soveel as 'n volwassene ontvang, behalwe met betrekking tot suiker, waar die rantsoene dieselfde was. 'n Kind tussen ses en twaalf jaar het net soveel meel ontvang as 'n volwassene en origens net soveel as 'n kind onder ses jaar. Aan siekes en kindertjies onder twee jaar is elk twee pinte melk per dag toegeken[3].

Na die „Committee of Ladies" aan die begin van 1902 die kamp besoek het, is die rantsoene enigsins verbeter en het dit o.a. 'n bietjie botter, groente, gestampte mielies, rys en bone ingesluit[4], maar nogtans was dit so skraal dat groeiende kinders geen weerstand teen siektes kon opbou nie[5].

(iv) <u>Siekte en sterfgevalle</u>.

Die sterftesyfer in die kamp was besonder hoog. In die tydperk 19 Mei 1901 tot 15 Junie 1902 alleen is daar 768 persone oorlede. Die grootste aantal was kindertjies van skoolgaande en onder skoolgaande ouderdom

---

1. Cd. 819, 194.
2. Meegedeel deur moeder van skrywer, mevv. A.S. Neethling en D.J. Stapelberg.
3. Cd. 819, 194.
4. Hobhouse: <u>Die Smarte van die oorlog</u>, 298.
5. Meegedeel deur mevv. D.J. Stapelberg en H. Engelbrecht.

en dan veral dogtertjies[1].

Die sterftesyfer was die hoogste in die maande Augustus tot Desember 1901. In hierdie maande was dit respektiewelik 125, 125, 92, 178 en 105 en het dit 'n sterftesyfer bereken per 1000 per jaar van 328, 292, 203, 397 en 235 verteenwoordig[2]. Van hierdie aantal sterfgevalle was ongeveer 90% kinders[3].

Die hoë sterftesyfer was te wyte aan: masels en longontsteking, swak woningtoestande, onvoldoende beddegoed en slaap op die grond, swak kleding, ongeskikte voedsel, onbevredigende sanitêre geriewe, onvoldoende mediese hulp, swak versorging in die hospitaal en die verwydering van siek kinders van hulle moeders[4].

'n Groot aantal kinders het in die kamp siek geword. In Augustus 1901, byvoorbeeld, het 200 siek gelê, in September 150 en in Oktober 300[5].

3. <u>Die Kampskool</u>.

a) <u>Inskrywing</u>.

In Mei 1901 het die Onderwysdepartement 'n skool in die kamp geopen[6] waar gratis onderwys gegee is[7]. Die skool is vanaf die opening taamlik goed bygewoon[8]. Die heer Mills het aanvanklik opgetree as hoof; hy is vervang

---

1. Nienaber: Konsentrasiekampbegrafnisboek, Lys gestorwenes.
2. Hobhouse: <u>Die Smarte van die oorlog</u>, 310 - 313.
   ook Cd. 819, 362; Cd. 853, 74; Cd. 902, 81.
3. Nienaber: a.w.
4. Hobhouse: a.w., 102 - 149.
   Devitt: <u>The Concentration Camps in South Africa</u>, 59.
   ook Meegedeel deur mevv. A. Fouche, J.J. Dippenaar en D.J. Stapelberg.
5. Cd. 819, 362; Cd. 853, 73; Cd. 902, 81.
6. Cd. 819, 78.
7. Cd. 819, 46.
   S.N.D.: <u>The Boers and the War</u>, 92.
8. Cd. 819, 78.

deur Alberts, wat op sy beurt weer moes plek maak vir Beresford[1], wat reeds in Oktober 1901 die hoof was[2].

In Junie 1901 was daar 188 leerlinge in die skool wat onderwys ontvang het van die hoof en vier onderwysers(esse)[3]. Die inskrywing het vinnig toegeneem: aan die einde van Julie was daar al ses leerkragte en in Desember was daar 500 leerlinge op die rol, in Januarie 1902 reeds 750, en in April 1902 was die leerlingtal 1155. In Februarie 1902 was daar 11 personeellede, van wie 3 uit Engeland afkomstig was[4].

Na die vredesluiting het die inskrywing weens repatriasie vinnig gedaal. Aan die begin van September 1902 was die gemiddelde skoolbesoek net oor die 300[5]. In Oktober het dit vinnig gedaal, sodat daar aan die begin van November nog net 171 leerlinge skoolgegaan het[6]. Teen die einde van daardie maand is die skool gesluit[7].

b) Klaslokale.

Onder leiding van ds. Radloff het die N.H. of G. Gemeente Krugersdorp 'n markeetent van 102 vt. by 42 vt. wat aan meer as 500 mense sitplek gebied het, in die middel van die kamp opgerig. Daarin het hy, bygestaan deur P. Botha, gereeld dienste sowel as sondagskool gehou[8]. Die kerktent is ook vir skooldoeleindes gebruik. Aan die begin het vyf onderwysers(esse) daarin onderwys gegee[9].

1. Symington: „Die Konsentrasiekampskole in Transvaal en Oranje-Vrystaat"; Historiese studies, Jaargang 5, Maart 1944, 42.
2. Cd. 902, 75.
3. Cd. 819, 173.
4. Symington: t.a.p.
5. The Krugersdorp Standard, 6.9. 1902.
6. Ibid., 22.11.1902.
7. Transvaal Blue Book 1902-1903, Afd. „Education", Q2.
8. Cd. 819, 128.
9. Idem.

Later het behalwe hierdie tent nog nege markees as klaskamers gedien[1].

c) Roosters en Leergange.

Die Departement van Onderwys het geen roosters voorgeskryf nie;

> „each teacher has made such arrangements subject to the approval of the inspector as seemed most suitable to the numbers of scholars, the accommodation at his disposal, and the size of the staff"[2].

Die lesure het van 8.30 vm. tot 1 nm. gestrek[3]. Die kode van die Kaapse skole het gedien as basis, maar afwykings is toegelaat om by kamptoestande aan te pas[4]. Die skoolvakke was hoofsaaklik lees, skryf en reken. Die medium van onderrig was Engels. Hollands is alleen onderrig om die kinders in staat te stel om hulle Bybel te lees[5].

> „We use the English language in all subjects of secular instruction ... The religious instruction of Dutch children we leave to be given in their own language, lest we should produce a feeling of spiritual alienation between father and son ... In the Concentration Camps the parents are nearly all members of the Dutch Reformed Church and use the Dutch Bible"[6].

Sargant was bewus van die godsdienssin van die Afrikaner en wou derhalwe nie hulle godsdiens verwaarloos nie.

---

1. Symington: „Die Konsentrasiekampskole in Transvaal en Oranje-Vrystaat"; Historiese studies, Jaargang 5, Maart 1944, 42.
2. Cd. 819, 172.
3. Idem.
4. Cd. 549, 71.
5. Cd. 819, 172.
6. Director of Education: Public Education Report 1900 - 1904, Appendix V.

Hy was ook die mening toegedaan dat hy met hierdie toegewing die Afrikaanse kerke sou wen en dat hulle dan sou toestem tot die gee van die ander skoolvakke deur medium van Engels.

By bevordering moes die kennis van Engels deurslag gee[1].

Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie doseer nie:

> „The History of South Africa is best left untaught at present .... to avoid political questions"[2].

d) Skoolbesoek.

Skoolbesoek was nie verpligtend nie, maar die moeders is aangemoedig om hul kinders skool toe te stuur. Sommige kon egter nie beweeg word nie.

> „They say they will wait till the war is over: if the English win then the children will have to learn English, but if not, they will learn in Dutch"[3].

Die besoek het baie gewissel en is deur verskillende faktore beïnvloed: die moeders het die groter kinders nodig gehad om tou te staan om rantsoene te ontvang, om water te dra, vuurmaakgoed te soek, die tente netjies en skoon te hou en om die kleineres te help versorg. Swak skoolbesoek was egter hoofsaaklik toe te skrywe aan siekte en dood, swak kleding, koue en die toestand van onrus en opgewondenheid[4].

'n Aantal kinders uit die dorp het ook die kampskool besoek[5].

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroon-Kolonie-periode, 30.
2. Cd. 549, Instructions to Headmasters.
3. Cd. 819, 195.
4. Meegedeel deur mevv. A.S. Neethling en J.J. Dippenaar.
5. Meegedeel deur N.M. Bessinger, wat as agtjarige seuntjie uit die dorp na die kampskool gegaan het.

Die gemiddelde inskrywing vir die jaar eindigende 30 Junie 1903 was 272.2, terwyl die gemiddelde besoek 207.2 was[1]. Hier moet in gedagte gehou word dat na die sluiting van die Vrede van Vereeniging begin is met repatriasie van die kampbewoners en dat die skool in November 1902 gesluit is.

e) Onderwysers(esse).

Aanvanklik is die onderwysers(esse) tydelik benoem, met die verstandhouding dat aan gekwalifiseerdes wat goeie werk verrig, permanente betrekkings aangebied sou word. Alleen onderwysers wat Engels magtig was, het in aanmerking gekom vir benoeming.

> „Teachers must have a good knowledge of English in order to be put in charge of classes"[2].

Onderwysers(esse) is in die begin baie swak besoldig. Kampbewoners was aan die algemene reël van besoldiging gehou, nl. om benewens rantsoene en huisvesting nie meer as 2/6 per dag te ontvang nie. Onderwysers van buite die kamp wat nie rantsoene ontvang het nie, het 'n addisionele toelaag ontvang[3]. Vir die maand Junie 1901 het die totale bedrag aan salaris vir die vier onderwysers(esse) die som van £34. 10. 0 bedra. Die gemiddelde koste aan onderwys per kind was 3/8[4].

Salarisse is mettertyd verbeter. Waar die eerste hoofde maar net £5 tot £7. 10. 0 per maand gekry het, het gekwalifiseerde prinsipale uit Engeland later £25 tot £30 per maand ontvang[5].

---

1. Transvaal Administration Reports 1902-1903, Q2.
2. Cd. 819, 172.
3. Transvaal Administration Reports 1902, C 1.
4. Cd. 819, 173.
5. Symington: Die Konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 59.

Soos blyk uit 'n brief van Sargant aan Milner op 14 Junie 1901 is onderwysers(esse) uit Engeland en die Britse kolonies ingevoer nie net om die tekort aan leerkragte aan te vul nie, maar ook om die Boerekinders te verengels;

> „to supply the Camps with the right sort of teaching material, we must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come out and complete that part of the work which their male relatives are unable to accomplish. Our military policy has gathered the greater part of the child population into these camps, and, as you will see from my report, I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden ..... What we want out here at present are women, thoroughly good teachers, and of patriotic mind .... in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals ...... to marry and become the mothers of children who would be taught to understand the greatness of the English Imperial idea .."[1].

Teen die einde van Januarie 1902 het die eerste groep Engelse onderwysers van oorsee hier aangekom[2]. Sargant het 'n spesiale beroep op hulle gedoen om die taal van die landsburgers aan te leer, vriende met hulle te maak en as gelykes hartlik met hulle saam te werk:

> „.... come among your fellow workers as friends and equals and as messengers of peace ..."[3].

---

1. Director of Education: Public Education Report 1900 - 1904, App. IV.
2. Transvaal Administration Reports 1902, C 1.
3. Director of Education: a.w., App. V.

f) Invloed en waarde van die Kampskool.

Die kampskoolstelsel het die grondslag gelê vir 'n hegte Britse onderwysstelsel, 'n stelsel wat nie gepas het by die volksbehoefte nie, maar 'n stelsel waarby die Boerevolk hom noodgedwonge moes neerlê[1].

Die kampskool met al sy gebreke was tog 'n helder ligpunt in die andersins donker tydperk van ons geskiedenis en het tog sy waarde gehad: 'n groot aantal kinders wat andersins geen onderwys sou ontvang nie, het elementêre onderwys geniet en is in die skool nuttig besig gehou. By talle leerlinge is 'n leerlus opgewek wat hul aangewakker het om verder te studeer. Die bietjie kennis van Engels wat in die skool opgedoen is, het almal nuttig te pas gekom. Van die beskaafde, ontwikkelde en verfynde Engelse onderwysers en onderwyseresse het op hul leerlinge 'n heilsame invloed uitgeoefen. Hulle het hulle taak ernstig opgeneem, die beste vir die kinders probeer gee en sodoende 'n goeie gesindheid tussen onderwyser en kind verkry. Talle swak gekwalifiseerde Afrikaanse onderwyseresse het onder die leiding van simpatieke Engelse hoofde baie geleer en hulle later aan die Normaalkolleges beter gaan toerus[2].

4. Privaatskooltjies in die dorp.

a) Die skool van Grundlingh.

J. Grundlingh, 'n invloedryke Krugersdorper, is so aangegryp deur die doellose rondslenter van arm dorpskinders dat hy F. van Binnendyk en H. van Putten, twee Hollandse onderwysers in die kamp, elk £5 per maand aangebied het om skool te hou. Die here het die aanbod aanvaar en

---

1. Basson: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 311.
2. Symington: Die Konsentrasiekampskole in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 69 - 71.

permitte verkry om daagliks uit die kamp te gaan om vir die Boerekinders in die dorp te gaan skoolhou[1]. Later het hulle verlof verkry om in die dorp te woon[2].

Die heer Grundlingh het 'n groot sinkvoerpakkamer op die hoek van Kommissaris- en Dingaanstrate as skoolgebou ingerig en dit met die nodige meubels, boeke en so meer voorsien. Ongeveer 100 kinders het daar onderrig ontvang[3].

b) Skooltjie in die Hervormde Kerk.

In die Hervormde Kerk het 'n Hollandse onderwyser, S.J. van Wijck, die vroeëre hoof van die Randfonteinse staatskool, 'n tydlank as hoof van 'n skooltjie opgetree[4]. Hy het van Julie tot Desember 1901 opgetree as offisiële korrespondent uit Krugersdorp vir Vriendenkring. 'n Tyd lank is hy gesteun uit geldmiddele van die Vriendenkring wat uit Holland verkry is[5].

As gevolg van die opening van 'n goewermentskool in Junie 1901 het beide skooltjies gekwyn en is hulle later gesluit.



1. Vriendenkring: Brieweboek, brief nr. 7.
2. Ibid., bladsy 45.
3. Meegedeel deur J. Grundlingh, seun van die weldoener.
4. Burger: Geskiedenis van Krugersdorp, 44.
5. Vriendenkring: Brieweboek, 105.